Vaalpark NG Kerk Geloofsfamilie

# Gebedsbulletin No. 05 van 2026

## 01 Februarie 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Van EK tot ek

As daar een ding is wat sosiale media baie goed reggekry het, dan is dit om "EK" in die sentrum van die aandag te plaas en om "hulle" te meet aan hoe hulle teenoor MY (EK) optree. Gee "hulle" om wanneer EK in 'n krisis is? Bid "hulle" vir MY (EK)? Gee "hulle" om as EK alleen is? Inderdaad het EK die selfaangestelde standaard geword, waaraan ander se liefde en vriendskap gemeet word. Sosiale media en kie maak EK die spilpunt van dit alles. EK, MYSELF en EKKE staan in die sentrum.

Voordat jy verkeerd verstaan - natuurlik maak die regte ek ook saak, daardie ek met kleinletters. Jesus leer ons juis in Matteus 22 dat hierdie regte ek ander mense moet liefhê soos wat ek myself liefhet. Maar hierdie ware ek is nooit selfsugtig nie. Hierdie ware ek, wat leef volgens God se woord, weet immers dat elke ander ek in die lewe ewe veel vir God tel. Daarom leer die ware ek gedurig om hulle mooi raak te sien en om hulle opreg te dien. Daarom dra die ware ek ander mense graag op die hande. Daarom doen die ware ek eerste vir hulle wat ek graag wil hê hulle ook vir my moet doen, soos wat ons in Matteus 7 leer. Hoe meer die ware ek na God en na ander mense toe leef, hoe meer vergeetagtig raak ek wat my selfgesentreerde gevoelens betref. Groei asseblief weg van EK na ek, soos wat God vra.

***deur* Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Spokie Vorster
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Oom Piet Pretorius
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Suzette Claes
Rina Roos
Marinda Jordaan
Jaco Meyer

**Here God,**

Dankie vir die gawe van ons huwelik. Dankie dat U ons bymekaar gebring het en ons lewens verweef het. Help ons om mekaar lief te hê soos U ons liefhet – met *geduld, respek en genade*. Leer ons om te luister voordat ons praat, om te vergewe voordat ons oordeel, en om mekaar se laste saam te dra. Wees U die middelpunt van ons huwelik, veral in moeilike tye.Bou ons huis op 'n fondasie van geloof, hoop en liefde.Seën ons woorde, ons dade en ons harte, sodat ons huwelik U Naam sal eer. Amen.

***Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae's . . .***

**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

***Prediker 4:9–10, 12***

**"Twee is beter as een… As die een val, kan die ander hom help opstaan- 'n *Driedubbele tou* word nie gou gebreek nie."**

## GEDAGTE VD WEEK

***Kolossense 3:14***

**"Maar bo dit alles: beklee julle met die liefde, wat die band van volmaaktheid is."**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in